

Dinsdag 8 Augustus

Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:1-12

Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:4-9

Gehoorsaamheid aan die wet!

Om dit waarin 'n mens glo, van harte te bely, is nie net om dit met oortuiging te sê nie, maar ook om almal wat dit hoor, tot 'n belydenis op te roep.

So 'n belydenis vind ons in vers 4: “Luister Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.” Dit het onder die Jode bekend gestaan as die “Sjema”, na aanleiding van die Hebreeuse woord vir “hoor”, en die Jode het dit dikwels as 'n gebed opgesê. Hierdie belydenis moes die basis vorm vir die volk se lewe in die beloofde land. Dit moes hulle egter ook tot liefde en gehoorsaamheid oproep. Hulle God is die enigste God, die lewende God, teenoor al die mens-like versinsels van heidense afgode.

Om dié rede moes die uniekheid van hulle God verkondig word deur gehoorsaamheid aan sy gebooie. Sy wet het Hy reeds aan hulle gegee om sy liefde aan hulle te toon, en dit kon nie maar net op die bladsye van 'n boek bly staan nie, dit moes van harte uitgeleef word. Die opdrag van die Here is (vs 8): “Jy moet dit as 'n herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees.”

In ons tyd is dit absoluut nodig om hierdie belydenis weer opnuut te laat hoor, en hierdie leefwyse weer nuut te leef. Die gebooie van die Here op my hande beteken dat ek alles dóén in gehoorsaamheid aan sy wet. Sy gebooie as 'n merk op my voorkop is 'n teken dat ek in gehoorsaamheid aan sy wet dink. Soos Israel moet ons God se woorde van geslag tot geslag oordra, sodat dit deur die eeue die rigsnoer vir gelowiges kan bly.

Sing: Psalm 119:1

Ds. WGM (Willem) Kotze (Rooihuiskraal)